**Logos Gemeente van Christus**

**Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel**

**Matt 6:9-15, Rom 8:1-8**

**5 April 2020**

Die afgelope paar weke het ons in die preke besin oor die inhoud van ons gebede, spesifiek na aanleiding van die Onse Vader wat Jesus die dissipels geleer het toe hulle Hom gevra het om hulle te leer bid. Ons het reeds na die eerste twee bedes gekyk:

- Laat U Naam geheilig word – hier vra ons die Vader dat Hy sal toesien dat Sy Naam geheilig word. Ja, daar is verskeie rolspelers wat moet bydra tot die heiliging van Sy Naam, soos die ander Persone in die Drie-Eenheid, die hemelwesens, die skepping – en natuurlik ook ons. Maar dit is die Vader wat gevra word om toe te sien dat dit gebeur.
- Laat U koninkryk kom – hier vra ons die Vader dat Hy sal toesien dat Sy koninkryk, waaraan Hy alreeds werk sedert die skeppingsgebeure, en wat Hy alreeds gevestig het tydens die eerste koms van Jesus, vol sal word deurdat almal wat aan die Vader behoort, sal inkom. Dan sal Jesus weer kom om te oordeel en die duiwel en al sy helpers en volgelinge in die poel van vuur werp, en God se koninkryk die hele aarde beset. Weereens is die rolspelers die ander Persone in die Drie-Eenheid en in besonder ook die gelowiges wat saam met die Heilige Gees die wêreld moet konfronteer, sodat hulle sal inkom.

Vanoggend kyk ons na die derde bede: Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel (Mat 6:10). Ek wil hierdie gebed bespreek aan die hand van die volgende drie punte:

- Wat beteken die bede?
- Waar vind ons God se wil?
- Hoe bid ons dit in gees en waarheid?

<u>Wat beteken die bede: Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel?</u>

Eerstens moet ons weereens raaksien, soos in die eerste twee bedes, dat ons hier vir die Vader vra dat Hy sal toesien dat Sy wil geskied hier op aarde. Ja, soos by die ander bedes, is daar sekerlik ander rolspelers wat bydra daartoe, maar die bede word tot die Vader gerig dat Hy dit sal laat realiseer.

Die vraag is nou wat moet ons verstaan onder God se wil. In ‘n sekere sin moet ons sê God se wil is Sy raadsplan. En dit sou sekerlik verantwoordelik wees om te besin of God se hele raadsplan hier bedoel word. Maar onthou, die eerste bede het al die oorkoepelende doel van God se raadsplan gedek, naamlik die heiliging van Sy Naam. En die tweede bede het al die manier waarop hierdie doel bereik gaan word, gedek, naamlik die koms van Sy koninkryk. Watter aspek van God se plan word nou in besonder aangespreek in die derde bede?

Wel, ons het ‘n leidraad: dit moet daardie deel van God se raadsplan wees wat nou alreeds in die hemel gerealiseer het, maar wat nog voortgaande werk hier op aarde is. Dit sal dus die moeite werd wees om te gaan kyk wat die Bybel ons leer oor wat tans in die hemel gebeur. Kom ons kyk na ‘n paar plekke:

- Ps 103:20-22 – vers 20 maak dit duidelik dat die engele Sy opdragte uitvoer en gehoorsaam, terwyl vers 21 beskryf dat hulle die Here loof deurdat hulle Hom dien en Sy <u>wil</u> (NAV, DAV, ESV) doen.

- Op 4:4 – die 24 ouderlinge om God se troon het wit klere aangehad, en vers 9-11 beskryf dat hulle God se Naam grootmaak
- Op 6:11 – Hier word die vyfde seël oopgemaak. Die siele van die martelare is onder die altaar en hulle vra hoe lank nog voordat die Lam hulle dood gaan wreek. Maar let op in vers 11 dat hulle wit klere aangehad het
- Op 7:9, 14-15 – Hier lees ons van die groot menigte in die hemel wat gekom het uit elke volk, stam, taal en nasie en wat nou voor die troon en voor die Lam staan. Weereens sien ons hulle het wit klere aan. Verse 14-15 verduidelik dat hulle klere wit is omdat dit gewas is in die bloed van die Lam, en daarom is hulle voor die troon van God om Hom te dien.
- Op 19:7-8 – Hier lees ons van die bruilof van die Lam, en die gelowiges dra helder fyn, blink linne klere. Ons lees ook wat ons moet verstaan met hierdie beeld van die klere – dit is die regverdige dade van die gelowiges. Regverdige dade is tog sekerlik dade in lyn met God se wil – immers Hy is regverdig. Let ook op waar hierdie dade vandaan kom: Die bruid het haar daarvoor gereed gemaak om dit te kan dra/doen, maar terselfdertyd het God haar dit vergun.

Dus: die hemelwesens doen God se wil, en al die gelowiges wat reeds gesterf het en tans in die hemel is, dra klere wat simbool is van hulle gehoorsaamheid aan God se wil. God se wil geskied dus alreeds in die hemel in die sin dat almal wat daar is, optree volgens God se wil. Hulle fokus is om Hom te behaag deurdat hulle doen dit waarin Hy welbehae het.

Vergelyk nou hierdie situasie met wat hier op aarde gebeur: Laasweek het ons 'n voëlvlug geneem van die ontwikkeling van God se koninkryk deur die loop van die Bybelgeskiedenis. Ons het telkens gesien hoe daar rebellie is teen God:

- Ons het gesien die duiwel self is in opstand teen God, en doen dus nie God se wil nie.
- Adam en Eva het eerder die duiwel se voorstel geglo, as om God se wil te doen.
- Toe die uitverkore volk van God in die beloofde land kom, het hulle God verwerp as hulle Koning, en 'n mens as koning verkies.
- Selfs die beste konings oor die volk, Dawid en Salomo, bereik die punt waar hulle nie God se wil doen nie.
- En vandag? Lees Rom 3:10-11 – "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie, daar is nie een wat na die wil van God vra nie".

Die tragedie word opgesom in Rom 8:7-8 – die harde, koue feit is dat die sondegevalle mens kan doodeenvoudig nie God se wil doen nie! Hy kan nie! Punt! Dis die harde werklikheid wat die Ou Testament ons herhaaldelik leer: Die uitverkore volk van God kan God se verstommende verlossing uit Egipte persoonlik beleef, hulle kan God se heerlikheid op die berg Sinai sien as Hy vir hulle Sy wet gee, hulle kan self op wonderbaarlike manier die beloofde land binnegaan – maar hulle kan doodeenvoudig nie volhou om God se wil te doen nie!

Wat is die oplossing vir die probleem? Lees Rom 8:3-4. Prys God – wat vir die mens onmoontlik is, is vir God moontlik! A.g.v. ons sondige natuur is die bestaan van die volmaakte wet van God nie voldoende om ons so ver te bring om God se wil te doen nie. God het twee dinge gedoen om hierdie dilemma aan te spreek:

- Hy het Sy Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens gestuur om versoening te doen vir al die sondeskuld wat hulle opgehoop het. Dit is natuurlik wat Jesus gedurende Sy eerste koms na die aarde verrig het.

- Hy het ook die Heilige Gees gestuur. Rom 8:4 praat nou dat die Heilige Gees beheer neem oor mense, en wanneer Hy dit doen, dan kan hulle God se wil doen. Hoe gebeur dit? Lees Titus 3:3-9 – dit kom deurdat die Heilige Gees die wedergeboorte werk in die harte van gelowiges. Lees ook Eseg 36:26-27. Die Heilige Gees doen dit deur die hart van klip te verwyder en aan ons 'n hart van vleis te gee. Let veral op vers 27: "…Ek sal maak dat julle volgens My voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom ". Sien jy die balans van Op 19: die bruid berei haarself voor en God vergun haar om die bruilofsklere aan te trek. Die Heilige Gees werk dit in ons en ons doen dit.

Die fokus van die derde bede is dus dat ons die Vader vra dat Hy sal toesien dat ons gehoorsaam aan Sy wil sal leef. Almal wat deel is van Sy koninkryk moet dit doen. Dan sal Sy koninkryk realiseer, en gevolglik sal Sy Naam geheilig word. Die Vader bewerk dit deurdat Jesus versoening gedoen het vir die kere wat ons nie God se wil gedoen het nie, en deurdat die Heilige Gees ons nuwe harte gee sodat ons wil doen wat God wil. Wie is dus die rolspelers in die uitwerk van hierdie bede? Weereens die Vader, die Seun, die Heilige Gees – en natuurlik ook ons.

Waar vind ons God se wil?

Uit wat ons hierbo gesê het volg dit dus dat as ek 'n gelowige is, moet ek my reeds tydens my lewe hier op aarde daarvoor beywer om onder die leiding van die Heilige Gees God se wil te doen. Dit skep die vraag: Waar vind ek God se wil? Die eenvoudige antwoord is: In die Wet van God, in die Tien Gebooie, in Eksodus 20 en Deuteronomium 5. Ja, daar is baie plekke in die Skrif waar dit in meer detail uitgewerk word – maar daar in die wet het ons dit kernagtig saamgevat (soortgelyk aan die Onse Vader wat die model vir al ons gebede is).

Daar is verskeie opvattings deesdae oor die wet waarvan ek verskil: Daar is die siening dat die onderhouding van die wet die manier is waarop mense in die Ou Testament gered sou word. Dit is doodeenvoudig nie waar nie. Die laaste keer wat die mens in 'n werksverbond met God gestaan het, was in Genesis 1-2. Vanaf Genesis 3 werk God volgens 'n genadeverbond. Kyk maar net hoe begin die wet in Eksodus 20: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het", en eers daarna volg die bepalings van die wet. Die volk was eers gered uit Egipte voor hulle die wet ontvang het!

Daar is ook die siening dat ons nou vry is van die wet, oftewel dat die wet sogenaamd sou verval het. Die volgende opmerkings is relevant:

- Onthou die wet was op kliptafels geskryf deur God self. Dit sê tog iets van permanensie, en hoe belangrik dit vir God is.
- Onthou ook die plek waar die wet in die tabernakel gehou was: binne die verbondsark, onder die versoendeksel waar die bloed gesprinkel is in die Allerheiligste! Kan y jou 'n meer belangrike plek indink?
- Mat 5:17 – hier leer Jesus dat Hy nie gekom het om die wet ongeldig te maak nie, maar juis om dit sy volle betekenis te laat kry (OAV: te vervul). Hy het dit self volledig kom onderhou, en bewerk dat ons dit ook kan onderhou deur die werk van die Heilige Gees.
- Daar word geredeneer dat Jesus in die bergpredikasie telkens sê "Daar is gesê……., maar ek sê vir julle……." en dus daarmee die wet ophef. Nee, al wat Jesus ophef is die beperkte en skewe interpretasies van die wet wat met verloop van tyd ontwikkel het. Gaan kyk maar weer hoeveel van die tien gebooie word direk in die bergpredikasie belig.

- In Mat 19:17-19 praat Jesus met die ryk jongman. Hy verduidelik vir hom dat as hy die ewige lewe wil ingaan, moet hy die gebooie hou. As die jongman vra watter gebooie, haal Jesus verskeie van die tien gebooie aan.
- As Jesus in Matt 22:34-40 gevra word wat is die groot gebod, is Sy antwoord: Jy moet God liefhê met jou hele hart, siel en verstand, en jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Waar kom Jesus aan hierdie opsomming? Dit kom uit die Ou Testament: Deut 6:5 en Lev 19:18.
- Paulus gryp ook terug na die tien gebooie in sy briewe – In Rom 13:8-10 haal hy juis die tien gebooie aan, en kom tot die gevolgtrekking dat liefde die volle uitvoering van die wet is.
- Of dink maar aan wat Johannes skryf in 1 Joh 2:3: "As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken" of 1 Joh 3:4: "Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers die oortreding van die wet van God". Dit moet beteken dat God se wet die definisie is van wat vir God behaaglik is!

Natuurlik is onderhouding van die wet nie die manier waarop ek gered word nie! Maar dit is <u>waartoe</u> ek gered word! Ek het die Heidelbergse Kategismus met moedersmelk ingekry. Onthou jy die drie dele van die Kategismus? 1. Hoe groot my sonde is. 2. Hoe ek daarvan verlos kan word 3. My dankbaarheid teenoor God vir die verlossing. In watter deel van die Kategismus word die wet beskryf? Die dankbaarheidsdeel. As jy in die Gereformeerde Kerk grootgeword het is ek seker jy ken die uitdrukking: die wet is die reël vir ons dankbaarheidslewe. Bietjie argaïes, maar steeds waar.

En as jy my van wettisisme wil beskuldig: Kan ek jou herinner aan wat ons in Joh 15:9-10 gelees het 'n paar weke gelede: Jesus sê dat Hy gehoorsaam is aan Sy Vader se opdragte – en dit is hoe Hy in die Vader se liefde bly. As gehoorsaamheid 'n liefdessaak is vir Jesus – sekerlik is dit vir ons ook nodig. Maar let ook op: Jesus maak dit duidelik dat liefde en gehoorsaamheid aan die Vader nie teenoor mekaar staan nie – nee, gehoorsaamheid word juis gedring deur liefde, en gee weer aanleiding tot groter liefde. Onthou die kringloop wat ons enkele weke terug beskryf het.

Ek lees onlangs 'n boek van JI Packer oor die 10 gebooie. Hy maak die stelling dat die wet is in 'n sekere sin 'n beskrywing of refleksie van God se karakter en Sy werk. Kom ons dink daaroor:

1. Eerste gebod eis God moet alleen gedien word. Wel, God is die enigste, ware, lewende God.
2. Tweede gebod verbied afbeeldings. Wel, God is Gees, en boonop is die enigste beeld wat ek van God mag vorm dit wat Hy van Homself openbaar
3. Derde gebod eis die hoogste respek vir God se Naam. Wel, onthou hoe Jesus sê dat Hy die Vader se Naam (dus Wese) kom bekend maak het. Ons moet hoogste respek vir God hê as die drie maal heilige Een
4. Vierdie gebod eis onderhouding van die sabbat. Wel, ons het laasjaar gesien hoe God rus van Sy skeppingswerk en besig is met Sy verlossingswerk, en die voorbeeld wat dit vir ons is.
5. Vyfde gebod eis respek vir ouers/gesag. Wel, Jesus betoon die hoogste respek en eer vir Sy Vader.
6. Sesde gebod verbied moord. Wel, God is die bron van lewe – fisies en geestelik
7. Sewende gebod verbied egbreking. Wel, Jesus as Bruidegom pleeg nooit egbreuk met Sy bruid, die kerk, nie
8. Agste gebod verbied diefstal. Wel, God is die Voorsiener van alle middele
9. Negende gebod verbied vals getuienis. Wel, God is waarheid
10. Tiende gebod verbied begeertes. Wel, God is perfek vergenoegd in Homself.

Voeg hierby dat God gister, vandag en altyd dieselfde is, en dit is moeilik om te verstaan hoekom God se wet nie meer sou geld nie. As ons een word met Hom, soos ons in Joh 17 geleer het, en dus

soos Hy word, en as die wet 'n beskrywing is van Homself en Sy werk, dan moet ek mos in liefde gedring word om gehoorsaam te wees aan Sy wet.

<u>Hoe bid ek "Laat U wil geskied" in gees en waarheid?</u>

As ek die bede in waarheid wil bid, beteken dit ek sal my moet vergewis van die feite wat hier ter sprake is:

- Dat die sondige aard van alle mense dit vir hulle onmoontlik maak om God se wil te doen
- Dat dit niks minder as die werk van die Seun en die Heilige Gees benodig word om mense by gehoorsaamheid uit te bring nie
- Dat ek my sal moet verdiep in wat God se wil is: dus die wet, die bergpredikasie, die Nuwe Testamentiese briewe, ens sal bestudeer moet word. Dit beteken ook dat ek die implikasies van hierdie gedeeltes sal bestudeer met die oog op toepassings op 21ste eeuse vraagstukke – soos die gebruik van tegnologie, die vermoëns van die mediese wetenskap, ens.

As ek die bede in gees wil bid, beteken dit:

- Ek sal moet bid dat ek met integriteit na my eie lewe kan kyk om dit te meet aan bogenoemde standaarde, en dat ek waar nodig my sal bekeer.
- Ek sal moet bid dat ek die intensies van my hart eerlik sal kan evalueer – is my gehoorsaamheid koud en gedwonge, of is dit warm uit dankbare waardering vir God se liefde en ontferming in my. Is daar hoegenaamd 'n sweempie van 'n poging om God te beȉndruk?

In Lukas 11 leer Jesus eers Sy dissipels die Onse Vader. Vanaf vers 11 verduidelik Hy die beginsel dat selfs aardse vaders aan hulle kinders goed wil doen, hoeveel te meer is dit nie waar van ons Hemelse Vader nie. En dan sê Hy in vers 13: Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra! So asof dit die klimaks (of dan ten minste een van die klimakse) is van al die goeie dinge wat die Vader kan gee. Ons het verseker die Heilige Gees nodig om God se wil alreeds nou hier op aarde te doen, en om behoorlik voorbereid te wees om dit in die hiernamaals perfek te kan doen.